IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A711/2007

DATUM: 21 JULIE 2008

In die saak tussen:

JEROME HENDRICKS Appellant

en

DIE STAAT Respondent

---

# U I T S P R A A K

VAN REENEN, R:

Geriefshalwe sal ek na die appellant as die beskuldigde verwys.

Die beskuldigde het as beskuldigde 1 tereggestaan saam met twee ander, naamlik Cranville Wessels (as beskuldigde 2) en Anwar Malik (as beskuldigde 3) voor ons ampsbroer LOUW, R wat hom op 25 Mei 1999 skuldig bevind het aan moord (eerste klagte); verkragting (die tweede klagte); en onsedelike

aanranding (die derde klagte). Beskuldigde is op die eerste klagte tot 30 jaar gevangenisstraf gevonnis; op die tweede klagte tot 20 jaar gevangenisstraf en op die derde klagte 10 jaar gevangenisstraf. Die Hof het gelas dat die vonnisse wat op klagtes 2 en 3 opgelê is, saam uitgedien word met die vonnis wat op die eerste klagte opgelê is. Die effek was dat die beskuldigde 30 jaar gevangenisstraf moet uitdien. Wessels en Malik het appèl aangeteken teen die beskuldigbevindings sowel as die vonnisse wat hulle deur my ampsbroer opgelê was.

In die geval van Wessels, hy was skuldig bevind aan die eerste klagte en die tweede klagte maar onskuldig aan die derde klagte. In sy geval is die 15 jaar gevangenisstraf wat hom ten opsigte van die eerste klagte opgelê is, op appèl verminder tot sewe jaar; die 20 jaar wat hom opgelê is ten opsigte van die tweede klagte is verminder tot 15 jaar gevangenisstraf; en die Hof het gelas dat twee jaar van die sewe jaar gevangenisstraf wat op die moordklagte opgelê is, saamloop met die 15 jaar gevangenisstraf wat op die tweede klagte opgelê is. Die effek was dat die gevangenisstraf wat hy moet uitdien verminder na 20 jaar.

In die geval van Malik, het sy appèl teen die skuldigbevinding op klagte 1 geslaag en is die vonnis wat hom ten opsigte

daarvan opgelê is tersyde gestel. Die vonnis wat hom opgelê is ten opsigte van die tweede klagte, is verminder van 20 jaar tot 10 jaar. Wat sy skuldigbevinding op die derde klagte van onsedelike aanranding betref is die opgelegde gevangenisstraf van 10 jaar op appèl bekragtig. Die Hof het egter gelas dat vyf jaar van die 10 jaar gevangenisstraf wat op die derde klagte opgelê is, saam uitgedien moes word met die 10 jaar wat op die tweede klagte opgelê is. Derhalwe is hy verplig om 15 jaar gevangenisstraf uit te dien.

Die beskuldigde het op 'n later stadium aansoek gedoen vir verlof om te appelleer. Verlof is toegestaan deur LOUW, R wat laat blyk het dat daar 'n redelike vooruitsig bestaan het dat 'n Hof op appèl met die opgelegde vonnisse sou inmeng.

Die appèl voor ons is bloot teen die vonnisse wat die beskuldigde opgelê is gerig. Dit is geykte reg dat 'n Hof nie willekeurig met die vonnis wat deur 'n verhoorhof opgelê is, op appèl inmeng nie. Dit kan geskied slegs indien daar bevind word dat die opgelegde vonnis skokkend onvanpas is en/of daar mistasting plaasgevind het.

In die onderhawige saak blyk dit dat die beskuldigde, toe die misdrywe gepleeg is, 16 jaar oud was en dat hy op die stadium toe hy gevonnis is, naamlik in Augustus 1999, 18 jaar

oud was. Die gevolg is dat hy geag word 'n jeugdige te gewees het en dat die Hof vonnis deur daardie prisma moes benader het.

Ingevolge artikel 28 van die Grondwet, is jeugdiges geregtig op die toepassing van sekere kriteria by strafoplegging en is 'n hof verplig om hulle beste belange wat alles oorheersend is in aanmerking te neem dat gevangenisstraf opgelê word, slegs indien dit onvermydelik is en dan vir so 'n kort tyd as moontlik.

Die bepalings van die Grondwet het daartoe gelei dat howe 'n nuwe benadering volg wat betref die bestraffing van minderjariges. In die vorige era was dit die benadering om jeugdigheid bloot as 'n strafverminderende faktor by strafoplegging te behandel. Daar is in 'n trilogie van onlangse sake, naamlik, dié van S v NKOSI 2002(1) SASV 135 (W) en BRAND v S 2005(2) All SA 1 (HHA) en DIRECTOR OF PUBLIC PROSECUTIONS KWAZULU NATAL v P 2006(3) SA 515 (HHA) te para.15 wat 'n nuwe benadering neergelê het wat betref die bestraffing van jeugdiges. Dit kom daarop neer dat van howe vereis word om, wat betref die bestraffing van jeugdiges "a degree of change in traditional mind-set" te openbaar wat daarop gemik is om gefokuste en ingeligte aandag te skenk aan die belange van jeugdiges gedurende die verskillende

stadiums van vonnisoplegging en al die verskillende faktore wat daarby betrokke is sorgvuldig te oorweeg.

In weerwil van die veranderde benadering, moet die Hof steeds gelei word deur die beginsels van proporsionaliteit; die beste belange vir die kind; en die minsbeperkende inbreuk op vryheid en, indien wel, slegs as 'n laaste uitweg en vir die kortste moontlike tydperk. Dit is dan ook die benadering wat gevind word in S v M (Centre for Child as *anicus*) 2007(2) SASV 539, 'n uitspraak van die Grondwetlike Hof te 33i.

Alhoewel ons kollega baie versigtig te werk gegaan het by die beoordeling van wat 'n gepaste straf behoort te wees in die onderhawige omstandighede, wil dit by 'n noukeurige lees van sy uitspraak op vonnis tog voorkom dat daar geen verwysing is na die dwingende bepalings van artikel 28 van die Grondwet nie: nóg is daar enige teken daarin te vind van die ingeligte en gebalanseerde opweging van alle betrokke faktore wat deur die reedsgenoemde trilogie van sake na vore gebring is. Dit is ook nie aanduidend van 'n toepassing van die veranderde sogenaamde "traditional mind-set" wat vereis word nie.

'n Gebrek om dit te doen, is alreeds 'n volbank uitspraak van hierdie hof op 22 Januarie 2008 in IVOR DESMOND OLIVER v S, saaknommer A384/2007, bevind 'n mistasting te konstitueer

en dit is dan ook die gevolgtrekking waartoe ons in hierdie saak gekom het.

Die gevolg is dan dat dit hierdie Hof vrystaan om van meet af aan te beslis wat in die omstandighede van hierdie saak 'n gepaste vonnis behoort te wees. Dit geskied natuurlik met inagneming van die gebruiklike trilogie van die beskuldigde se persoonlike omstandighede; die belange van die gemeenskap en die aard en erns van die misdrywe waaraan hy skuldig bevind is.

In die onderhawige saak word die inagneming van daardie faktore tot 'n sekere mate begrens deur dit wat in die vorige volbank appèl van beskuldigdes 2 en 3 gebeur het en behoort die benadering te wees dat, wat strafoplegging betref, daar 'n mate van uniformiteit tussen mede-beskuldigdes behoort te wees en is dit aksiomaties dat, as 'n algemene reël, geregtigheid vereis dat soortgelyke vonnisse opgelê behoort te word ten opsigte van beskuldigdes in misdrywe van min of meer dieselfde aard. (Sien S S TERBLANCHE, <u>A GUIDE TO SENTENCING IN SOUTH AFRICA</u>, (1ste Uitgawe), op 138-139.)

In die onderhawige saak is wat betref die klagtes van verkragting ten opsigte waarvan beskuldigde 2 20 jaar

gevangenisstraf opgelê is, dit tot 15 jaar verminder is op appèl en in die geval van beskuldigde 3 is die 20 jaar gevangenisstraf wat hy opgelê is (as 'n medepligtige, net soos wat beskuldigde 1) verlig tot 10 jaar. Dit blyk dat die belange van uniformiteit vereis dat die 20 jaar gevangenisstraf wat die beskuldigde opgelê is ten opsigte van verkragting dan ook verminder behoort te word tot 10 jaar, soos in die geval van beskuldigde 3.

Daar is nie enige beduidende verskille in die deelnames van die drie beskuldigdes ten opsigte van die verkragtingsklagte nie en hulle persoonlike omstandighede wissel ook nie dermate dat daar op daardie basies 'n verskil getref kan word nie.

Wat die klagte van onsedelike aanranding betref, het die Hof op appèl die vonnis van beskuldigde 3 onaangetas gelaat en is die 10 jaar gevangenisstraf wat hy opgelê is, op appèl bekragtig, maar het die Hof gelas dat vyf jaar daarvan saamloop met die 10 jaar gevangenisstraf wat ten opsigte van die verkragting op appèl opgelê is. Dit wil dus blyk dat omdat daar weereens nie wesenlike verskille is tussen beskuldigdes en Malik se deelname aan die onsedelike aanranding nie, die vonnis van 10 jaar wat die beskuldigde opgelê is deur die verhoorhof deur ons bekragtig behoort te word. Met ander

woorde dat die appèl faal wat betref die vonnis wat ten opsigte van die derde klagte opgelê is.

Wat betref die gevangenisstraf van 30 jaar wat opgelê is op die moordklagte is dit baie duidelik dat die beskuldigde die belhamel was in die pleging van die moord op die oorledene. Dit is so dat hy 'n eerste oortreder is. Dit is so dat hy 'n jeugdige was. Dit is so dat hy tot 'n mate beskonke was, waarskynlik vanweë inname van bier en moontlik ook die gebruik van dagga en dat dit waarskynlik 'n invloed op sy oordeelsvermoë gehad het. Wat ook blyk is dat die misdryf gepleeg is met 'n vooropgesette doel naamlik, om die klaagster, wat die verkragtingsaak aanbetref, as 'n getuie te elimineer ten einde te verhoed dat sy die beskuldigdes inkrimineer. Dit is insiggewend dat die beskuldigde voldoende teenwoordigheid van gees gehad het om dieselfde aand nog te poog om tekens van sy deelname uit te wis deur te gepoog het om sy klere te was.

Aan die ander kant weer, moet dit ten gunste van hom aanvaar word dat hy by die borgaansoek en ook in die verhoorhof tot 'n groot mate sy aandadigheid aan hierdie gruwelike misdaad erken het. Hy het ook aan een van sy vriende, ene Calvin Kapp, die dag na die moord gedemonstreer presies wat hy gedoen het en die Hof het bevind dat dit aanduidend is van die

gruwelheid van die misdaad wat gepleeg was. Daardie beskouing kan nie mee fout gevind word nie.

Ons het terdeë kennis geneem van alles wat mnr Mohamed ten gunste van die beskuldigde gesê het en ek dink nie meer kon gesê gewees het nie. Mag ek net byvoeg dat dit bemoedigend is om betoogpunte van die kwaliteit wat hy voorberei het teë te kom, maar selfs sy beste pogings en retoriek was nie voldoende om ons te oorreed dat 'n vonnis van minder as 25 jaar in hierdie geval toepaslik sou wees nie. Dit is so dat elke saak op sy eie feite beoordeel moet word en dat elke beskuldigde se persoonlike omstandighede opgeweeg moet word, maar daar kom 'n tyd wanneer die boosheid van die misdryf wat gepleeg is, asook die gruwelikheid daarvan 'n mens noop om die persoonlike omstandighede van 'n beskuldigde op die agtergrond te skuif – nie geheel en al nie maar wel – en waar die belange van die gemeenskap na vore tree. Hierdie is so 'n geval.

Gevolglik is die resultaat soos volg: Die vonnis ten opsigte van die appèl teen die vonnis van 10 jaar gevangenisstraf wat opgelê is op klagte 3 word van die hand gewys. Die appèl ten opsigte van die vonnisse wat op klagtes 1 en 2 opgelê is, slaag en word deurgehaal en vervang met die volgende:

Ten opsigte van klagte 1 <u>VYF-EN-TWINTIG (25) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>;

Ten opsigte van klagte 2 <u>TIEN (10) JAAR GEVANGENISSTRAF</u>; maar dit word gelas dat die gevangenisstraf van tien jaar wat op hierdie klagte opgelê word asook die gevangenisstraf wat op die derde klagte opgelê en deur hierdie Hof bekragtig is, saam uitgedien word met die 25 jaar wat deur hierdie Hof opgelê is ten opsigte van die eerste klagte.

Dit word gelas dat die vonnisse wat vandag deur hierdie Hof opgelê is, geag word opgelê te gewees het op 25 Augustus 1999, dit synde die datum waarop die beskuldigde aanvanklik gevonnis is.

..............................................

VAN REENEN, R

<u>MOTALA, R</u>: Ek stem saam.

..............................................

MOTALA, R

NDITA, R: Ek stem saam.

..................................................

NDITA, R